

Saterdag 19 April

Skrifgedeelte: Psalm 119:81-88

Fokusgedeelte: Psalm 119:82

Wanneer gaan U tog vir my uitkoms gee?

In ons teksvers kry ons die hoogtepunt van Psalm 119. Die digter is verswak. Hy is op gewag. Sy oë is op gehuil. Hy smag na die uitkoms wat die HERE moet gee. Hy vra: Wanneer gaan U my vertroos? Wanneer gee U vir my uitkoms? Die digter voel soos 'n swart berookte sak. Sy gesondheid is besig om in duie te stort. Hy is maer. Byna heeltemal uitgedroog. Hy wil graag weet hoe min dae daar vir hom oor is.

Hy vra die HERE met heilige ywer om te oordeel. Hy is verontreg. Die hovaardige mense wil hom vernietig. Maar hulle het nie 'n geldige rede om dit te doen nie. Hulle optrede teenoor hom maak dit vir hom duidelik dat hulle die HERE se gebooie verwerp. Want as hulle die HERE se gebooie liefhet, sou hulle hom nie soveel gehaat het nie. Hy roep: Help my!

Sy teenstanders bring sy posisie in die land in gevaar. Hulle dink hulle is die enigste mense wat reg het om in die land te woon (vs 87). Hoewel die digter voel dat hy naby aan die dood is, plaas hy sy vertrouwe op die HERE se beloftes. Hoop op God! (Ps. 42 en 43). Hy beoefen soveel geduld vir so lank al dat daar 'n stille versugting in sy hart ontstaan waaraan hy met woorde nie uitdrukking kan gee nie.

Hy bly die HERE vrees. Vir ander lyk dit sinloos om nog gehoorsaam te wees aan die HERE se gebooie. Hulle hoop verdwyn soos die saad wat op die klipbanke gesaai is. Maar dis juis hoekom hovaardige mense die digter haat, want hy bly getrou. God se getrouheid roep by ons getrouheid op, en juis dit haat die hovaardige. Wanneer gaan U my vertroos? Wanneer gaan U vir my uitkoms gee? Die antwoord kry ons in die evangelie. Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! (Jes. 40:1). God die HERE het hierdie gebed van die digter beantwoord met die koms van Jesus Christus. Jou God is hier! Die genadejaar van die Here het aangebreek (Luk. 4:16-21). Ook Jesus is gehaat sonder geldige redes (Joh. 14:25). Maar soos God na drie dae sy Seun uit die dood opgewek het, so seker sal jou ellende 'n einde hê. God skenk elke dag vir jou 'n vars gawe van sy liefde (v.88).

Sing: Psalm 119-1:30, 31, 32 of Psalm 119-2:15

Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg en Bloemfontein Suidheuwels)